# 1

Elle skud haar pienk swemhanddoek teen die helderblou oggendlug uit. Dit flap soos die vlerk van 'n flamink voordat dit ewe netjies op die gras gaan land.

"Gelukkige nuwe jaar!" skree sy sommer vir 'n duif wat verbyvlieg, glip die bandjies van haar bikini oor haar skouers af en vly haar met 'n salige sug langs Shiahulle se swembad neer. As 'n handdoek kon praat! Hierdie pienke was elke oomblik van die matriekvakansie saam. Haar tone tintel. Sy weet haar glimlag is stout en breed. Die beste vakansies is kort en kragtig, besluit sy weer 'n keer. Vyf dae was genoeg om spesiaal te wees. Hipersupermegaspesiaal.

Maar dit is nou al weke gelede verby, overskedovers, geskiedenis. Dis dié dat sy al weer so bleek is. Net vyf minute in die son, belowe sy haarself. Net vir 'n gesonde blos op haar skouers. Dis die eerste dag van die nuwe jaar en die son mag haar vandag maar met oorgawe soen. Môre wil sy op haar beste lyk.

"Einaaaaa ..."

Elle hoor Refi iewers in Shia-hulle se mooi huis weeklaag. Dis 'n lang, uitgerekte gekerm wat met die trappe afkom en met 'n dowwe brom in die kombuis eindig. Sy hoor die yskasdeur rinkelend oopgaan. Dan 'n gesmoorde uitroep.

"Duiwelsgoed. Wat maak hierdie boepensbottel nog

in die yskas? Ek dag hulle het almal gisteraand gesneuwel. Gee my net water. Yskoue water." Die deur klap toe. "Aijaijaijai. Dat 'n nuwe jaar nou só moet begin. Ek's blind. Ek kry nie my oë oop nie." Oomblikke later gly die skuifdeur swembad toe suisend oop. "Kroon! Elle! Het jy pynpille iewers?"

Sonder om die hoed van haar gesig af te haal, skree Elle terug. "Bruistablette langs die ketel. Shia se ma het dit gelos. En goeie môre vir jou ook. En 'n gelukkige nuwe jaar, roomie."

Refi mompel iets en gaan werskaf weer in die kombuis. Kasdeure klap. Water loop. Minute later is sy terug.

"Jy soek moeilikheid, Elle." Haar plakkie-voet lig die hoed van Elle se gesig af.

Elle maak een oog oop, skreef onder die hoed se rand deur. 'n Lang skadu val reg oor haar maag. "Jy staan in my son, Refi. Ek wil net vyf minute lê. Belowe. Ek het my vakansiekleur heeltemal verloor." Sy wikkel haarself weer plat op die grasperk, trek die hoed oor haar gesig.

"Laat ek raai. Dis vir môre se wit rok met die spaghettibandjies." Sy klik haar tong. "Ha! Vakansiekleur. Gelukkig nie een van my toptien-bekommernisse nie. Hierdie kopseer wel." Refi druk met haar toon teen Elle se skouer. "Kom uit die son uit, Kroon. Jy ruik al na kreef."

Elle kreun en rol op haar maag. "Aahhh, kreef. Wanneer laas? Matriekvakansie! Die skip, die see, die son? Voel soos 'n leeftyd gelede. Onthou jy nog, Refi? Daardie piepklein kreefhappies en die drankies met

sambreeltjies in? En die manne sonder brieke? Greg, James, wie nou weer?"

"Moenie," knor Refilwe. Sy sak versigtig op 'n swembadstoel neer, kombuislappie oor haar oë. "Nou is 'n slegte tyd om oor die Melody of the Sea se hoofpynbomme te praat. My kop voel vanoggend juis soos die tweede oggend op die skip. Vol watte en spykers. Ek raak nie weer aan sjampanje nie. Hoor jy my, Elle Kroon? Dis gif. En 'n Nuwejaarspartytjie sien my nie weer nie."

Elle lag. "Regtig? Niemand wat jou gisteraand sien jol het, sal jou glo nie. Jy was los voor. Nie een van ons kon by jou bly nie. En ná middernag het jy jou tweede asem gekry. Jy het die hele buurt geserenade hier bo van die balkon af." Elle gooi haar hoed eenkant en kruip na die sambreel waar Refilwe nou met 'n lappie oor haar oë lê. "Jy het doodseker gemaak dat nie een van Shia-hulle se bure hulle ou vriende óóit sal vergeet nie. In hoeveel tale ken jy die liedjie? Ek het opgehou tel by vyf." Sy buig oor Refi en trek reg langs haar linkeroor los. "*Sal ons ou vriende ooit vergeet ...*" Die nat lap tref haar vol op die mond.

"Jy tender vir 'n besering, Kroon. Ek is honderd persent buffel vanoggend. Loop saggies, praat saggies en moet om hemelsnaam nie sing nie."

Elle tel die vadoek op, doop dit in koue swembadwater, draai dit uit en drapeer dit weer oor Refilwe se geslote oë.

"Nou toe, ou hangoor. Ek los jou. Wat 'n manier om 'n nuwe jaar te begin. Een ding is seker: Dit kan van hier af net beter gaan."

"Buiten as iets fout gaan met my matriekpunte. Ek stres myself in 'n koma in. My familie verwag ten minste ses onderskeidings, Elle. Ten minste. Enige iets minder gaan net nie goed genoeg wees nie. My niggie in Durban het laas jaar drie onderskeidings gehad. My ma se reaksie? Dat ek dit moet verdubbel, anders kan sy nooit weer haar gesig by die familie wys nie."

Elle knik. "Wel, môre sal ons weet. Bender wil ons vóór sewe by die skool hê. Die Departement begin die uitslae van agtuur af na ons fone stuur, maar die skool kry dit vandag al. Dink net. Bender gaan weet wat elkeen van ons het, dan sit ons nog en naels vreet."

Refi gee 'n tjankie. "Weet nie hoekom jy in sweet uitslaan nie. Jy weet tog hoe jy en Margot die Wiskundevraestelle geklap het. Sesse geslaan. En vir die ander vakke gaan jy almal goue sterre kry. Dis 'n feit soos 'n koei met kolle. Dis net hóé hoog en hoe vér jy die balle geslaan het wat nou gaan tel. Bender sal tog te graag vir jou in die toptwintig wil sien. Hier op nommer tien, as ek nou realisties moet wees."

Elle trek die hoed diep oor haar oë. "Dit maak nie saak nie, Refi. Margot is daar om Bender en die skool goed te laat lyk. Sy gaan topdrie wees, of ek eet my ou skoolkeppie op. En weet jy, Leya se ongeluk laas jaar laat my met ander oë na dinge kyk. Ons beheptheid met onderskeidings! Dis belaglik as mens by die grens tussen lewe en dood staan. My nagmerries is minder, maar ek word nog baie keer natgesweet wakker. Dan weet ek. Ek was weer besig om die betonpilaar van Leya te probeer afkry."

Refi se kop knik baie effens. Die lappie roer skaars.

"Mmmm. Sy moet oor twee weke die hereksamen skryf. Dit kon ek of jy gewees het. Ons kon 'n uur later almal op daardie balkon gestaan het, saam daar afgeval het."

Wat sê mens? Niks. Want dieselfde woorde maal sedert die aand van die rampspoedige matriekdans in Elle se kop rond. Dis daar as sy wakker word, dis daar as sy gaan slaap. Was dit 'n bewaarengel wat hulle gekeer het? Was dit net die noodlot? Hoekom gebeur ongelukke? Hoekom, hoekom, hoekom? Elle steek haar vingerpunte onder haar krulle in, skud hulle los, masseer haar kopvel, asof sy elke donker gedagte uit haar kop kan vryf en in die helder oggendlug kan laat wegvlieg. Vorentoe, Elle, vorentoe, hoor sy haar binnestemmetjie por. En sy weet sy moet. Wat verby is, is verby. Dink liewer aan môre. Môre!

"So, wat trek jy môre aan? Al besluit?"

Refi haal die lap van haar oë af en gee 'n skitterwit glimlag. "Natuurlik. Ek gaan vir oulaas Bender se bloeddruk deur die dak druk."

"Kort of kaal of deurskynend?"

"Wag en kyk. As jy weet, gaan jy preek. Ek ken jou."

"Refilwe Kgabo. Jy is 'n aandagvraat, weet jy? Jy wil voorblad maak, ek ken vir jou! Jy wil die klomp pliggies met hulle stringe onderskeidings soos vaalhase laat lyk."

"Vaalhase. Net so." Haar lyf begin skud. "Ek begin beter voel, Elle. Eintlik kan ek nie wag vir môre nie. Ek gaan in wit opdaag, net soos mevrou Bender gevra het. *Al my meisies in kraakvars wit uitrustings*. En, ja, tegnies is myne ook 'n uitrusting." Sy skater nou. "Maar dit gaan meer *uit* as *rusting* wees. Trouens, alles wat

wettig is, gaan uitsteek." Sy leun terug en plaas die lappie weer plegtig oor haar oë.

"Ek gaan nie preek nie. My preekdae is verby. Ontmoet die nuwe Elle Kroon." Elle staan op en buig. "Die nuwe, verbeterde model. Oudleerling. Oudhoofmeisie. Eerstejaarstudent. Rebels. Reg om reëls te breek."

"Dink jy ons gaan dit doen? Reëls breek en so aan?"

"Dis wat alle eerstejaars doen."

"Nou maar mooi. Gaan jy handjies gevou vir Alex sit en wag? Of gaan jy nuwe smake probeer? Roekeloos raak, nuwe talent uitkyk, Alex se huisreëls breek?" Die wit tande flits, 'n tergende, uitdagende glimlag. "Sy hart vir hom breek?"

Elle se hand is vinniger as 'n mamba se pik. Sy pluk die lappie van Refi se gesig af en gee haar sommer so 'n rughandhou oor die bobeen daarmee. Refi laat nie op haar wag nie. Binne sekondes het sy Elle in 'n kopklem, plat op haar rug op die grasperk.

"Jy leer ook nie. Mens moenie bokant jou gewigsklas moeilikheid soek nie, Elle. Ek sal jou elke keer rol."

"Alex ..." hyg Elle, "maak nie vir my reëls nie. En sy hart, ugh, klim van my af, ugh, sal ek nie breek nie. Jy weet dit."

Refi rol weg, stof haar af en staan op. "Ook weer waar. My fout. Asem gemors. Want dis mos Adam en Eva, Bonnie en Clyde, Romeo en Juliet, Alex en Elle. Vervelig, vervelig. Nie vir my nie, dankie." Sy val terug op die sonstoel. "Hoeveel slapies voordat ons daai studenteding begin doen?"

Elle maak die som in haar kop. "Twaalf. Dan trek ons by Huis Helios in. Dan is ek en jy weer roomas."